

NOORDELIKE SINODE SITTING 18-22 OKTOBER 2026

DROOMDRAERS

MY BELEWENIS Ouderling afgevaardigde Warmbad-Wes: *Jimmy Marx*

Dit was vir my opvallend dat 'n nuwe wind besig is om deur die Noordelike Sinode te waai.

Eerstens wil ek die Moderamen gelukwens met die huiswerk wat gedoen is. Dit was duidelik dat deeglike besinning, beplanning en organisasie aan die orde gestel is. Baie geluk ook aan die SDR taakspanne met goeie werk, deeglike besinning en goeie verslae.

Vervolgens 'n klomp gedagtes wat ek raak geluister het:

Om 'n vol lewe te lei, moet ons oop wees vir God, vir mekaar en vir die toekoms. Ons moet onthou om te verbeel om te leef. Die NGK het nog altyd in pioniersomstandighede oorleef: toeka en ook nou.

Prof. Johan van der Merwe se uitdrukking “Terug na die toekoms” en sy metafoor van die swaai (eers terug om vorentoe te gaan om in die hede te eindig) het die dink in ons laat loskom. Die toekoms bestaan nie nou nie. Die huidige konteks noodsaak besinning oor die toekoms. Hoe moet ons geloofsgemeenskappe definieer? Wat kan ons anders doen? Moet ons ons heinings afbreek? Watter implikasies het statistiek ten opsigte van die NGK vir ons? Eksklusiwiteit word word vervang met inklusiwiteit.

Die NGK is op 'n nuwe pad – 'n pad van versoening. Floeer gaan anders gedefinieer word. Die fokus is nie meer op geld en goed nie, maar is nou missionaal. Ons moet ons doelbewus posisioneer in die huidige konteks (lees: ons omgewing). 'n Kopskuif en 'n hartsverandering is nou nodig. Ons moet praat oor die toekoms om die hede te verander.

God regeer en lei deur sy Gees. Die NGK en haar lidmate is nie alleen op die nuwe pad nie. Die nuwe stad se naam: Die Here is daar! Dewyk Ungerer se metafoor van die windpomp is gerusstellend: die Gees moet die windpomp aandryf om lewegewende water te verskaf.

Opgewonde: Ja! Maklik: Nee!

Gaat leef liefde!

(Volgens dr. Yolande Steenkamp is gaan dertien keer vinniger as gaan☺).